NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, van wie almal 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen besprekings of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word erken dat daar verskillende sienings oor sommige sake van klem of detail in die riglyne kan wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2025

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou geskiedeniskennis om TWEE redes te gee waarom Solidariteit in 1980 gestig is.*
[VLAK 1]

- Daar was 'n ekonomiese krisis wat die regering nie aangespreek het nie, wat tot ontevredenheid gelei het.
- Die regering het pryse van voedsel en ander noodsaaklike goedere verhoog, wat druk op die werkersklas geplaas het.
- Verlaag lewensstandaard.
- Werkers by Gdańsk-skeepswerwe het 'n staking uitgevoer en beter betaling geëis.
- Beperkings rakende vakbonde en stakings.
- Enige relevante antwoorde.

[Enige TWEE redes]

1.2 *Hoe beeld die foto die rol uit wat Lech Walesa in Solidariteit speel? Gee TWEE visuele leidrade om jou antwoord te ondersteun.*
[VLAK 4]

- Walesa word getoon as die leier / sentrale figuur / belangrikste / volksverteenwoordiger / gewild.
- Visuele leidrade: almal in die skare kyk na hom / hy staan op iets hoër as die res / die skare reageer positief op hom / sy toespraak word uitgesaai.

[2 vir verteenwoordiging, 2 × 2 vir visuele leidrade as motivering]

1.3 1.3.1 *Gebruik jou geskiedeniskennis om te verduidelik hoe die Poolse regering na sy stigting op Solidariteit gereageer het. Gee TWEE omvattende punte.*
[VLAK 1]

- Sowjet-regering het druk op die Poolse regering geplaas om Solidariteit te onderdruk.
- Jaruzelski het krygswet/noodtoestand afgekondig.
- Sowat 5 000 Solidariteit-lede is gearresteer, insluitende Walesa.
- Sensuur en polisieteenwoordigheid het toegeneem.
- Stakings is onderdruk.
- Solidariteit is verban.
- Leiers in hegtenis geneem/onder huisarres geplaas.
- Enige toepaslike punte.

[Enige TWEE punte]

IEB Copyright © 2025

1.3.2 *Hoe kon hierdie foto deur die Sowjet-regering gebruik word om hul reaksie te regverdig? Gee EEN punt.*
[VLAK 4]

Groot aantal mense teenwoordig toon die vlak van gewildheid en daarom 'n bedreiging vir die regering / leiers kan daarvan beskuldig word dat hulle teen die regering wil opstaan / deur sulke platforms te gebruik om eise vir verandering te stel.
[Enige redelike punt]

1.4 *Sou dit korrek wees om te beweer dat Solidariteit 'n voetsoolvlakbeweging was? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad uit die foto*.
[VLAK 3]

Ja, Solidariteit was 'n voetsoolvlakbeweging.
Visuele leidraad: alledaagse mense of werkers word getoon as die ondersteuners van die beweging/die foto word geneem by die skeepswerwe waar dit begin het.
[2 vir standpunt, 2 vir visuele leidrade wat begrip toon dat dit 'n voetsoolvlak-beweging is]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 TEKSTUELE ONTLEDING

2.1 *Gebruik die bron om te verduidelik waarom die Rekord van Verstandhouding so 'n belangrike ooreenkoms gedurende die vroeë 1990's was. Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Help om vrede in Suid-Afrika te bewerkstellig na 'n tydperk van intense geweld/ 'n gevoel van dringendheid as gevolg van bloedvergieting en geweld.
- Help om die dooiepunt te verbreek by onderhandelings om apartheid te beëindig.
- Toegelaat vir die basis vir 'n demokratiese Suid-Afrika.

[Enige TWEE]

2.2 *Gebruik Paragraaf 3 en 4 en verduidelik hoe Nelson Mandela gewone Suid-Afrikaners aangemoedig het om die demokratiese proses te ondersteun. Gee DRIE punte.*
[VLAK 2]

- Hy sê alle Suid-Afrikaners het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat die pogings en opofferings wat gemaak word, nie tevergeefs is nie.
- Hy sê Suid-Afrikaners moet hierdie geleentheid gebruik om 'n regverdige en demokratiese Suid-Afrika te skep.
- Hy doen 'n beroep op eenheid en om Suid-Afrika eerste te stel om 'n demokrasie te bewerkstellig.
- Dit sal ekonomiese herstel bring.
  [Enige DRIE]

2.3 *Soek 'n historiese konsep of naam in die bron wat die beste by elk van die volgende beskrywings pas. Skryf slegs die historiese konsep neer.*
(Geen verduideliking word benodig nie.)

2.3.1 *'n Koalisie van groot politieke partye wat saamkom om 'n nuwe regering te vorm.*
[VLAK 2]
Regering van nasionale eenheid

2.3.2 *Die vergadering van verskeie groot politieke partye in Suid-Afrika om die koms van demokrasie in Suid-Afrika te onderhandel.*
[VLAK 2]
CODESA

2.4 *Hoe nuttig sou hierdie bron wees vir historici wat die koms van demokrasie in Suid-Afrika in die vroeë 1990's bestudeer? Ondersteun jou antwoord met TWEE punte.*
[VLAK 6]

- Hierdie bron sal baie nuttig wees.
- Dit kom uit 'n verklaring deur Nelson Mandela, wat 'n belangrike rol in die onderhandelingsproses gespeel het.
- Dit beklemtoon die proses van wat noodsaaklik is om demokrasie te bereik.
- Dit beklemtoon die soort regering wat op die been gebring moet word.

IEB Copyright © 2025

- Dit verduidelik hoe enige uitstaande kwessies deur middel van bilaterale samesprekings opgelos sal word.
- Dit toon hoe belangrik Mandela geglo het die Rekord van Verstandhouding was.
- Enige relevante punte.

[2 vir bruikbaarheid, 2 × 2 vir goeie redes vir bruikbaarheid]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Gebruik jou geskiedeniskennis en gee TWEE doelwitte van die Waarheid-en-Versoeningskommissie wat nie in die bron genoem word nie*.
[VLAK 1]

- Onthul die waarheid oor menseregteskendings wat tydens apartheid plaasgevind het.
- Bring genesing en versoening onder die mense van Suid-Afrika.
- Maak voorsiening vir amnestie-aansoeke van oortreders wat bereid is om die volle waarheid te openbaar.
- Enige relevante punte.

[Enige TWEE redes buiten herstelbetalings]

3.2 *Noem TWEE redes van die betogers om hul eise vir herstelbetalings te regverdig.*
[VLAK 2]

- Party het beserings opgedoen of het koeëls in hul liggame van konfrontasies met die apartheidspolisie.
- Party het geliefdes tydens apartheid verloor.
- Party is tydens apartheid uit hul woonplekkeverdryf.

[Enige TWEE]

3.3 *Gee TWEE redes van die regering om te regverdig dat die betogers se eise vir herstelbetalings nie betaal word nie.*
[VLAK 2]

- Die proses is afgehandel.
- Herstelbetalings is vir slagoffers wat na die WVK-verhore gekom het en 'n nommer gekry het.
- WVK het slegs met slagoffers gehandel soos in die wet voorgeskryf – slagoffers van menseregteskendings.
- Diegene wat nie vir vergoeding gekwalifiseer het nie, kon steeds voordeel trek uit gemeenskapsrehabilitasieprogramme.

[Enige TWEE]

3.4 *Kan hierdie artikel as bevooroordeeld beskou word? Verduidelik jou antwoord met EEN punt.*
[VLAK 6]

- Nee, dit is nie bevooroordeeld nie, of dit is in 'n mindere mate bevooroordeeld.
- Dit bied albei sienings – dié van die betogers en dié van die regering, wat 'n gebalanseerde siening gee.
- Dit gebruik nie emotiewe taal nie.

[2 vir standpunt, 2 vir toepaslike verduideliking]

IEB Copyright © 2025

3.5 *Kan die Waarheid- en-Versoeningskommissie suksesvol beskou word in die verskaffing van vergoeding aan slagoffers van apartheid? Verduidelik jou antwoord deur die bron te gebruik.*
[VLAK 6]

- Nee – dit was nie suksesvol in terme van vergoeding nie.
- Die aantal mense wat vergoeding ontvang het, was baie min.
- Die betogers was ongelukkig omdat hulle apartheidslagoffers was en nie vergoeding ontvang het nie.
- Enige redelike verduideliking.

OF

- Ja – dit kan as suksesvol beskou word aangesien hulle hul mandaat nagekom het.
- Die WVK is getaak om slagoffers wat vir vergoeding kwalifiseer, te identifiseer en te verifieer.
- Almal wat in aanmerking gekom het, het die R30 000-toelaag ontvang.

[2 vir standpunt, 2 vir toepaslike verduideliking]

IEB Copyright © 2025

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

4. *Wat is die outeur se mening oor Savimbi? Ondersteun jou antwoord met TWEE bewyse uit die bron.*
[VLAK 4]

- Hy is skepties oor Savimbi en sy motiewe/ beskou hom negatief/ sien hom as manipulerend.
- Hy sê dat Savimbi doeltreffend is om 'n positiewe openbare beeld te behou, wat impliseer dat sy ware motiewe dalk nie duidelik is nie.
- Hy sê hy is "berekend" en dat hy poog om 'n emosionele reaksie en finansiële hulp van die Weste te kry.
- Hy bevraagteken Savimbi se bande met Suid-Afrika, maar sê dat Savimbi dit as 'n ongelukkige noodsaaklikheid regverdig.
- Enige relevante antwoorde.

[2 vir mening oor Savimbi, 2 × 2 vir bewys]

Verwys na Bron B

5. *Hoe beeld die spotprenttekenaar die verhouding tussen Jonas Savimbi en die Suid-Afrikaanse regering uit? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad.*
[VLAK 4]

- Suid-Afrika gebruik Savimbi om hul doelwitte uit te voer / hy is 'n pion / hy word as 'n marionet uitgebeeld.
- Savimbi is 'n marionet en die hand verteenwoordig Suid-Afrika wat hom beheer.

6. *Gee EEN beperking van hierdie spotprent as historiese bewys.*
[VLAK 6]

- Die spotprent oorvereenvoudig die verhouding tussen Savimbi en Suid-Afrika.
- Die spotprent is bevooroordeeld teenoor Savimbi, en beeld hom as 'n marionet uit.
- Die spotprent is eensydig, ons weet nie hoe ander Savimbi beskou het nie.
- Die spotprent oordryf die verhouding tussen Savimbi en Suid-Afrika.

[Enige toepaslike beperking – moet spesifiek vir hierdie spotprent wees]

IEB Copyright © 2025

Verwys na Bron A en B

7. *Beantwoord WAAR of ONWAAR, en gebruik Bron A en B sowel as jou geskiedeniskennis. Geen verduideliking word benodig nie:*

7.1 *Die Verenigde State van Amerika het UNITA tydens die Angolese Burgeroorlog gesteun.*
[VLAK 2]

Waar

7.2 *Die gewapende vleuel van UNITA is FAPLA genoem.*
[VLAK 1]

Onwaar

7.3 *Die skrywer glo dat die hoofoorsaak van die Angolese Burgeroorlog die Koue Oorlog was.*
[VLAK 2]

Onwaar

7.4 Die skrywer van Bron A en die spotprenttekenaar van Bron B het soortgelyke sienings van Savimbi se rol in die Angolese Burgeroorlog.
[VLAK 2]

Waar

8. *Gebruik bewyse uit Bron A en verduidelik hoe Jonas Savimbi moontlik op die spotprent in Bron B sou reageer het.*
[VLAK 4]

- Kwaad, ongelukkig, negatiewe reaksie.
- Hy word in Bron B as 'n marionet van Suid-Afrika getoon. Hy sê in Bron A dat sy militêre bande met Suid-Afrika 'n ongelukkige noodsaaklikheid was, wat aandui dat hy nie regtig saam met hulle wou werk nie.
- Enige relevante punt.

IEB Copyright © 2025

Verwys na Bron C

9. 9.1 *Gee TWEE maniere waarop natuurlike hulpbronne 'n belangrike rol in die Angolese Burgeroorlog gespeel het.*
[VLAK 2]

- Gehelp om die oorlog te finansier.
- Gehelp om guns by wêreldmagte te verkry.
- Het die oorlog verleng.

9.2 *Glo die skrywer van die bron dat natuurlike hulpbronne 'n groter rol as die Koue Oorlog-mededinging in die Angolese Burgeroorlog gespeel het? Ondersteun jou antwoord met EEN bewys.*
[VLAK 2]

Ja
- "Sonder Angola se natuurlike rykdom sou die konflik nie voortgeduur het soos dit het nie."/ " Natuurlike hulpbronne bly so 'n vername verklarende faktor vanweë hul deurlopende belangrikheid deur elke stadium van die konflik."

OF

Nee
- "Dit is … minder waarskynlik dat die internasionale gemeenskap so betrokke sou geraak het as dit nie was vir die strategiese geleentheid wat Angola verteenwoordig het binne die politieke konteks van die Koue Oorlog nie."

[2 vir standpunt, 2 vir bewys]

Verwys na Bron D

10. 10.1 *Wat was volgens die bron die aard van Suid-Afrika se betrokkenheid by Angola? Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

Militêre adviseurs en wapens om UNITA-magte te help.

10.2 *Wat was volgens die bron die Suid-Afrikaanse regering se doelwit?*
[VLAK 2]

- Om die Weste te oorreed om hulle te ondersteun in hul oorlog teen Angola.
- Om die Sowjetunie te dwing om te onttrek.
- Hou kommunisme uit Afrika.

[Enige EEN]

11. 11.1 *Identifiseer 'n propagandategniek wat in Bron D gebruik word*.
[VLAK 4]

Vreesinboeseming

11.2 *Verskaf EEN aanhaling uit die bron wat jou antwoord op vraag 11.1 hierbo ondersteun.*
[VLAK 4]

"Die Weste sleep voete terwyl Angola brand, en die vlamme kan deur Suider-Afrika versprei." / "tensy Westerse magte bereid is om te help om dit vinnig te ontlont."

11.3 *Hoe beïnvloed die gebruik van propaganda die betroubaarheid van 'n bron? Verduidelik jou antwoord deur jou geskiedeniskennis te gebruik.*
[VLAK 6]

- Dit maak dit minder betroubaar/beïnvloed die betroubaarheid negatief.
- Propaganda poog om mense se menings te vorm en beïnvloed die manier waarop hulle oor 'n saak dink, wat dit minder betroubaar maak.
- Propaganda kan foutiewe inligting versprei, wat die bron minder betroubaar maak.
  [Moet verduidelik hoe die betroubaarheid negatief beïnvloed word deur die gebruik van propaganda. Geen krediet gegee indien nie verduidelik nie.]

Verwys na Bron D en E

12. *Ondersteun die bronne mekaar in terme van hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het? Verduidelik jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne.*
[VLAK 4]

- Nee, hulle ondersteun mekaar nie.
- Rede in Bron D: hou kommunisme uit Afrika.
- Rede in Bron E: verswak Angola se vermoë om nasionaliste in Namibië te help.

OF

- Ja, hulle ondersteun mekaar.
- Rede in Bron D: hou kommunisme uit Afrika.
- Rede in Bron E: verswak vermoë om Namibiese nasionaliste te help wat ook kommunisties was.

[2 vir stand, 2 × 2 vir bewyse van ALBEI bronne]

Verwys na Bron F

13. *Soek 'n historiese konsep in die bron wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)*
[VLAK 2]

13.1 *Om selfbeskikking te bereik en vry van buitelandse beheer te wees.*

Onafhanklikheid

13.2 *'n Gewapende konflik in 'n land waarby opponerende groepe binne dieselfde land betrokke is.*

Burgeroorlog

13.3 *'n Politieke standpunt wat konserwatiewe waardes ondersteun en sterk klem op nasionale identiteit lê.*

Regs/Regse

13.4 *'n Groep of individu wat sterk met hul eie land se belange identifiseer en soewereiniteit ondersteun.*

Nasionalis

Verwys na Bron E en F

14. *Gebruik Bronne E en F om te verduidelik:*

14.1 *Die rol wat Portugal gespeel het om die Angolese Burgeroorlog te veroorsaak. Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Bron E: Portugal kon nie daarin slaag om Angola vir 'n stabiele oorgang na onafhanklikheid voor te berei nie.
- Bron F: Portugal kon nie daarin slaag om vrede af te dwing of toesig oor verkiesings te hou nie.
- Bron F: Portugal kon nie daarin slaag om die mag aan enige party te oorhandig nie.
- Bron F: Portugal het Angola verlaat om dinge self uit te werk.

[EEN uit Bron E; EEN uit Bron F]

14.2 *Die rede waarom magsdeling tussen die Angolese bevrydings-bewegings onsuksesvol was. Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Bron E: Leiers van die verskillende groepe wou absolute mag verkry.
- Bron E: Die bevrydingsbewegings het 'n wedloop aangepak om oppergesag te verkry voor die geskeduleerde datum vir onafhanklikheid.
- Bron E: Leiers wou mag bekom ten koste van die ander bewegings.
- Bron F: Magstryde het kort na onafhanklikheid begin, nadat magsdelingsooreenkomste in duie gestort het.
- Bron F: bevrydingsbewegings was huiwerig om mag binne 'n multi-etniese samelewing te deel.

[EEN uit Bron E; EEN uit Bron F]

IEB Copyright © 2025

Verwys na Bron G

15. *Gebruik jou geskiedeniskennis om te verduidelik hoekom Kuba by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. Gee TWEE omvattende punte.*
[VLAK 1]

- Kuba het die MPLA ondersteun aangesien hulle dieselfde kommunistiese ideologie gedeel het.
- Kuba is deur anti-imperialisme gemotiveer en het as gevolg daarvan betrokke geraak.
- Kuba wou die MPLA teen apartheid Suid-Afrika en hul steun aan UNITA ondersteun.
- Kuba kon 'n strategiese bondgenoot in Afrika kry.
- Historiese bande tussen Kuba en Angola as gevolg van die slawehandel.

[Enige TWEE]

16. *Hoe beeld die foto die verhouding tussen die Kubaanse magte en die MPLA-ondersteuners uit? Ondersteun jou antwoord met verwysing na TWEE visuele leidrade.*
[VLAK 2]

- Die verhouding is vriendelik/toon hulle as bondgenote/samewerkend.
- Albei vertoon foto's van hul leiers, wat ooreenkoms tussen hulle toon.
- Die luim is lighartig en joviaal soos aangetoon deur die manne wat glimlag, vlae word gewaai.
- Die MPLA-lid en die Kubaanse soldaat se hande raak aan mekaar.

[2 vir uitbeelding, 2 × 2 vir visuele leidrade]

17. *Hoe kon die Sowjetunie moontlik op hierdie foto gereageer het? Verduidelik jou antwoord met EEN punt.*
[VLAK 6]

- Hulle mag dalk ondersteunend / trots / gelukkig wees.
- Hulle sou graag wou hê dat die MPLA en Kuba saamwerk om te verseker dat kommunisme in Angola geïmplementeer word.

[2 vir reaksie, 2 vir verduideliking]

Verwys na Bron H

18. *Hoe het die wêreld se siening van die Angolese Burgeroorlog verskil van die siening van die meerderheid Angolese?*
[VLAK 2]

- Die meeste van die wêreld het die Angolese Burgeroorlog as 'n Koue Oorlog-volmagoorlog beskou.
- Die meeste Angolese het nie omgegee vir ideologie nie, en het die beweging ondersteun wat die grond waarop hulle was, beheer het.

19. *Hoe het die mededingende groepe wat by die oorlog betrokke was, lojaliteit van die burgerlikes wat hulle beheer het, verkry? Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Werkskepping
- Diensverskaffing aan burgerlikes

IEB Copyright © 2025

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 20

In watter mate was die Angolese Burgeroorlog die gevolg van buitelandse inmenging?

[VLAK 2, 3, 4, 5 en 6]

Die opstel word holisties nagesien deur gebruik te maak van die IEB-brongebaseerde opstelrubriek in die nasienriglyne.

- Kandidate kan argumenteer dat buitelandse inmenging die Angolese Burgeroorlog IN 'N MEERDERE MATE veroorsaak het. 'n Volmag-oorlog het in Angola plaasgevind met verskillende faksies wat ekstern gesteun is op grond van verskillende ideologieë. Suid-Afrika het betrokke geraak uit vrees vir 'n kommunistiese regering in Angola.
- Buitelandse inmenging was IN 'N MINDERE MATE die oorsaak van die Angolese Burgeroorlog – interne faktore het 'n groter rol gespeel. Politieke wedywering tussen bevrydingsbewegings met verskillende ondersteuningsbasisse, die onstabiliteit wat veroorsaak is deur Portugese onttrekking uit Angola, die gebruik van natuurlike hulpbronne om die oorlog te bevorder, die mislukking van magsdelingsooreenkomste en die magstryd tussen bevrydingsbewegings was alles betekenisvol in die oorsaak van die oorlog.

OF

- Kandidate kan argumenteer dat buitelandse inmenging IN 'N MINDERE MATE verantwoordelik was as oorsaak van die Angolese Burgeroorlog. Politieke en ekonomiese faktore het 'n groter rol gespeel. Wedywering tussen die verskillende bevrydingsgroepe, die feit dat hulle verskillende ondersteuningsbasisse gehad het wat verdeeldheid geskep het, die mislukking van magsdelingsooreenkomste, en die magstryd tussen hulle om die oorheersende groep in Angola te word, het 'n beduidende rol gespeel. Dit, tesame met die onstabiliteit wat geskep is deur die onttrekking van die Portugese uit Angola en die gebruik van natuurlike hulpbronne om die oorlog te bevorder, het alles 'n groot rol gespeel.
- Buitelandse inmenging was IN 'N MEERDERE MATE verantwoordelik vir die Angolese Burgeroorlog. Internasionale inmenging in terme van wedywering in die Koue Oorlog het 'n rol gespeel aangesien dit die verskillende bevrydingsbewegings op grond van ekonomiese ideologieë ondersteun het. Suid-Afrika se steun aan UNITA om die verspreiding van kommunisme stop te sit, was ook 'n belangrike oorsaak.

IEB Copyright © 2025

Bron	Interne politieke en ekonomiese faktore/Ander faktore	Buitelandse inmenging
A		**Savimbi is 'n belangrike instrument in Suid-Afrika se oorlog in Angola.** "UNITA is die Suid-Afrikaans-gesteunde groep wat veg om die Angolese regering omver te werp." **VS is betrokke by die oorlog.** "Die VSA-regering ondersteun die oorlog teen Angola deur militêre hulp en politieke erkenning aan die UNITA-rebelle te verskaf." "... betrek dit die VSA direk by die apartheids-regering se oorlog teen die Angolese bevolking." **Savimbi manipuleer die Weste om fondse te verkry.** "… hy [raak] berekende snare aan om Amerika se beursie oop te maak …"
B		**Savimbi word deur Suid-Afrika gebruik om hul stryd teen die MPLA te bevorder.** Savimbi word uitgebeeld as 'n "marionet" wat geweld namens hulle uitvoer.
C	**Natuurlike hulpbronne het 'n belangrike rol in die konflik gespeel.** "… natuurlike hulpbronne het … albei partye in staat gestel het om 'n vernietigende oorlogspoging te finansier en guns te koop by die wêreld se voorste magte." "natuurlike hulpbronne bly so 'n vername verklarende faktor … deurlopende belangrikheid deur elke stadium van die konflik." "Sonder Angola se natuurlike rykdom sou die konflik nie voortgeduur het soos dit het nie." "Dit het baie van die vyandelikhede gefinansier …"	**Koue Oorlog-politiek het 'n rol in die konflik gespeel** "dit is … minder waarskynlik dat die internasionale gemeenskap so betrokke sou geraak het as dit nie was vir die strategiese geleentheid wat Angola verteenwoordig het binne die politieke konteks van die Koue Oorlog nie."
D		**Bedreiging van kommunisme het Suid-Afrika in Angola betrek.** "Suid-Afrika voorsien militêre adviseurs en wapens aan anti-kommunistiese magte in Angola …" "amptelike verklarings, … is daarop gemik om die Westerse wêreld, veral die Verenigde State, te probeer oorreed om die Sowjetunie te dwing om terug te staan. " "… Suid-Afrika [is] toegewy aan enige optrede om Kommunisme uit Afrika te hou …" **Verenigde State het hul steun aan UNITA verleen in die Angolese Burgeroorlog.** "… wat ook Amerikaanse hulp kry."

IEB Copyright © 2025

E	**Portugese kolonialisme het onstabiliteit geskep.** "… die mislukking daarvan om vir 'n stabiele oorgang na onafhanklikheid voor te berei …" **Interne politieke faktore – beweging het verskillende steunbasisse gehad.** "... die ontwikkeling van opponerende nasionale groepe, elk met verskillende etnies-streeksgebonde hartlande ..." **Magstryd tussen verskillende groepe.** "… leierskappe wat vasbeslote was om absolute mag te verkry, ten koste van hul teenstanders …" "… hulle [het] 'n desperate wedloop aangepak om oppergesag … te behaal" "… nie in staat om 'n verenigde front te toon nie, en het hulle teen mekaar geveg" " … die nasionale bewegings [het] vinnig bewys dat hulle nie in staat was om saam te werk nie."	**Buitelandse ondersteuning vir verskillende bevrydingsgroepe.** "… opponerende nasionale groepe, elk met verskillende … eksterne ondersteuners …" **Koue Oorlog politiek was 'n oorsaak.** "Hierdie konflik is vererger deur eksterne ingryping … gedryf deur geo-politieke wedywering van die Koue Oorlog …" **Suid-Afrikaanse betrokkenheid in Angola.** "Suid-Afrika se vasberadenheid om Angola se vermoë om nasionaliste in Suid-Afrika-beheerde Namibië te verswak."
F	**Bevrydingsbewegings was huiwerig om mag te deel.** "… rede vir die voortsetting van burgeroorlog ... huiwering van die dominante bevrydings-bewegings om mag ... te deel ..." **Die verskillende groepe het verskillende ondersteuners gehad wat onenigheid geskep het.** **Magsdelingsooreenkoms het misluk en 'n magstryd het gevolg.** "…'n magsdelingooreenkoms [is] aangegaan … magstryde [het] byna onmiddellik ontstaan namate die ooreenkoms in duie gestort het." **Portugal se onttrekking het onstabiliteit geskep**. "... geïntensiveer deur die onttrekking van die Portugese ..." "… het geweier om vrede af te dwing of toesig oor verkiesings te hou, en versuim om die mag aan enige party te oorhandig." "Hulle het Angola verlaat en die land en sy toekoms aan sy eie lot oorgelaat."	
G		**Betrokkenheid van Kuba aan die kant van die MPLA.** Kuba se steun aan die pro-kommunistiese MPLA-groep toon dat buitelandse inmenging 'n rol gespeel het. Hulle het betrokke geraak om te verseker dat die MPLA die wettige regering bly.

H	**Gewone Angolese nie betrokke by Koue Oorlog politiek nie en het beweging in gesag in hul gebied ondersteun.** "… bloot die gesag aanvaar van watter militêre mag ook al die grondgebied beheer waarop hulle op daardie stadium gewoon het." **Mededingende bewegings het guns by die burgerlikes gekoop om hul steun te wen.** "… mededingende groepe [het] begin werk skep en dienste verskaf aan die burgerlikes … wat op hul beurt lojaal … geword het …"	**Angolese Burgeroorlog word deur die res van die wêreld as 'n volmagoorlog beskou.**

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2025

GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

	Argument + fokus	Gebruik van bronne	Teen-argument (T/A)	Struktuur + styl	Hoofindruk
7+ **90–100%** **45–50**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Behou duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne om argument en teenargument te staaf. Haal selektief aan waar toepaslik.	Bespreek T/A volledig. Erken T/A in inleiding en slot. Skakel T/A deurgaans met hoofargument.	Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkingsvermoë vlot.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit toon uitstekende historiese insig en begrip.
7 **80–89%** **40–44**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt vol, met geringe dwalings wat nie afbreuk doen aan begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie. Dit toon baie goeie historiese insig en begrip.
6 **70–79%** **35–39**	Neem 'n standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat van die argument afwyk. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer T/A.	Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging, maar diepte ontbreek dalk. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor. Enkele beperkings in historiese insig en begrip kom voor.
5 **60–69%** **30–34**	Poog om 'n standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/geïmpliseerde fokus. Argument is nie konsekwent nie, of oppervlakkig. Toon geringe bewys dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer T/A, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van T/A uit.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit toon basiese insig, maar met beperkte historiese begrip.

IEB Copyright © 2025

4 **50–59%** **25–29**	Neem swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 of 3 bronne uit. Beskryf of lys* bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik aan te wend. Gebruik ontoepaslike of te lang aanhalings. Bondel* bronne saam.	Identifiseer T/A op basiese vlak.	Swak inleiding en slot. Inleiding OF slot ontbreek. Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.) Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is min bewys van historiese begrip en insig.
3 **40–49%** **20–24**	Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem. Weinig poging om te fokus. Toon min begrip van argument. Bevat onjuisthede. Leemtes in argument. Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik slegs die helfte van die bronne. Toon swak begrip van bronne. Gebruik weinig toepaslike aanhalings.	Het geen T/A nie of dit is oorvereenvoudig.	Strukturele probleme. Inleiding en/of slot ontbreek. Uitdrukkingsvermoë swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om die bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 **30–39%** **15–19**	Wend geen poging aan om 'n standpunt in te neem nie. Fokus nie op die vraag nie. Nie in staat om bronne en vraag aaneen te skakel nie.	Gebruik baie min bronne. Toon baie swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë baie beperk.	Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip, maar kandidaat poog om sommige inligting in die bronne te gebruik.
1 **0–29%** **0–14**	Wend geen poging aan om te fokus nie. Verstaan die vraag glad nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie.	Geen T/A nie.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë uiters beperk.	Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneenskakel.

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teenargument, bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; Volgens Bron C ...; In Bron D … ens.
- Bondel bronne saam – gebruik verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en gee daarmee te kenne dat almal dieselfde ding sê, bv. Bronne A, C, F en H.

IEB Copyright © 2025